Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters

Uitgawe 17

September 2012

Inhoud

Artikels

Ons gesels met: Jak de Priester 3
Ernstige siekte is te groot vir my kind om te verstaan 4
Pienkvoet Pret: Heerlike Lente 5
Kuns: Ons maak parmantige boekmerke 6
Kinderteater met Spektrum 7
Oulike produkte: Afrikaanse Kinderstories 8
Oulike foto's 9

Vir die kleingoed

Storie: Lekkerbekkie en die reënboog 1
Inkleurprentjie 2
Speletjie: Pasmaats 10

Bak en brou

Resep: Spek en eiers vir die soettand 6

Kompetisie

Augustus se wenners 10
Storieklub-vorm 11

Model: Kobus Spies

Gister, vandag en môre…

Die ander dag gesels ek en my oudste oor "time-travel", en sy sê dit moet lekker wees om na die verlede te kan teruggaan en jou foute te gaan regmaak. Dis toe dat ek besef daar is 'n rede waarom ons vasgemaak is in tyd. As ons die verlede kon verander, sou ons heeltyd bly terugkyk het. Ons sou bly fokus het daarop, en vandag sou minder belangrik geword het. As ons die toekoms kon weet, sou daar skielik nie meer hoop of motivering wees om vandag op te staan nie. Want is dit nie juis die hoop dat enigiets môre moontlik is wat ons vandag ten volle laat leef en droom nie? Gee vandag jou alles, want die verlede is onherroeplik verby, en môre bestaan nog nie. Dit sal word wat jy daarvan maak.

In hierdie uitgawe van *Lekkerbekkie* gesels ons met bekende pappa, Jak de Priester, maak ons prettige boekmerkies, en loer ons in by Spektrum Kinderteater. Ons het 'n oulike resep om "spek en eiers" te maak uit *wafer-koekies* en *Smarties*, en gee raad oor hoe jy jou kind kan help wanneer Mamma of Pappa ernstig siek word.

As jy nog nie by ons gewilde STORIEKLUB aangesluit het nie, is September 'n goeie maand om te begin stories versamel vir die lang Desember vakansie! Die vorm is op die laaste bladsy van hierdie tydskriffie. Lekker lees!

Groete uit die kantoor
Anna Emm

Storieklub

Ontvang 'n nuwe storieboek + cd elke maand!

(Vorm agter in Lekkerbekkie)

Lekkerbekkie is GRATIS! Stuur 'n epos na lekkerbekkie@annaemm.co.za en ontvang elke maand 'n nuwe uitgawe.

© Anna Emm Productions 2012

Lekkerbekkie en die reënboog

Dis Lente in die bos en al die diertjies is sommer vrolik! Dit het vroeg vanoggend gereën en alles in die bos blink. Alles ruik so vars!

Lekkerbekkie Muis kyk op in die lug en sien ‘n reënboog.
“Wat is dit daardie?” vra hy vir die voëltjies.
“Dis ‘n reënboog, Lekkerbekkie Muis!” tjirp die voëltjies vrolik.
“Maar waar begin die reënboog en waar eindig hy?” vra Lekkerbekkie Muis weer.
“Niemand weet nie,” fluister die hasies, “maar hulle sê aan die einde van die reënboog is ‘n groot pot vol reënboogkoekies!”

Lekkerbekkie Muis lek sy lippies af! Reënboogkoekies! Dit sal mos nou heerlik wees as hy die pot vol reënboogkoekies aan die einde van die reënboog kan kry. Sy magie grom sommer van die honger.

“Ek gaan die einde van die reënboog soek!” sê Lekkerbekkie Muis en hy stap in die paadjie af na die reënboog toe.

Lekkerbekkie Muis stap ver tot daar naby die reënboog, maar hy kry nie die einde nie. Die reënboog se punt stap weg vir hom!

“Staan stil!” roep Lekkerbekkie Muis, en hy begin bietjie vinniger loop na die reënboog se punt toe. En kan jy dit glo? Die reënboog loop ook ‘n bietjie vinniger!

“Wag vir my!” roep Lekkerbekkie Muis, en hy begin hardloop na die reënboog se punt toe. Maar o aarde. Die reënboog hardloop weg!

Lekkerbekkie Muis hardloop en hardloop tot daar waar hy die reënboog se punt kan sien, en dan gee hy een groot sprong! Hy gryp na die reënboog, maar hy gryp net lug, en hy val plat op sy magie!

Toe Lekkerbekkie Muis regop sit, is die reënboog weg. Hy voel sommer lus vir huil! So ‘n stoute reënboog.

“Toemaar, Lekkerbekkie Muis!” tjirp die voëltjies bo sy kop. “Die reënboog wil nie gevang wees nie. Ons sal vir jou reënboogkoekies bak!”
“Regtig?” vra Lekkerbekkie Muis en droog sy traantjies af.
“Regtig!” lag die voëltjies.

Al die voëltjies van die bos kom bymekaar, en hulle bring doudruppels en heuning en bessies. Hulle bring ‘n bietjie meel, ‘n bietjie melk, en eiers. Hulle meng en meng, en knie en knie, en hulle bak die hele middag lank.

Die volgende oggend toe Lekkerbekkie Muis wakker word, is daar ‘n groot pot reënboogkoekies voor sy deurtjie! En hoog bo in die lug sit die mooiste reënboog wat hy nog ooit gesien het!

Die Einde

Anna Emm het al meer as 700 kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is getroud met 3D animasie kunstenaar, Stefan van der Vyver. Sy is ma van Elanie (12) en Mila (1).
www.annaemm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Lekkerbekkie en die reënboog

KLEUR IN

© Anna Emm Productions 2012

Jak de Priester... oor pa-wees en oor sy loopbaan

Jak de Priester *is een van ons land se gunstelinge in die musiekbedryf, en behalwe vir liedjies skryf, optredes en pa-wees, het hy ook 'n tydjie gemaak om met* ***Lekkerbekkie*** *te gesels oor sy vreugdes; op sy kenmerkende positiewe manier wat altyd 'n glimlag agterlaat.*

Jy is die trotse pa van Jamie en Mija, stel ons bietjie voor aan hulle!
Jamie is my seuntjie, hy is twee en 'n half jaar oud. Hy is 'n bondel energie en het *ball sense* geërf, eerder as 'n liefde vir kuns en musiek....dink ek. Hy is ongelooflik vaardig met 'n bal op sy jong ouderdom. Jamie is die regte sportiewe, vang-goggas seuntjie. Mija, my meisiekind, is een. Sy het die laaste tyd ontsettend persoonlikheid ontwikkel en dit lyk of musiek haar prikkel. As ek by die klavier sit en speel of 'n liedjie skryf, kan sy nie wag om haarself teen die klavier op te trek nie. Dan druk sy al die note en glimlag van oor tot oor. Dis nog 'n bietjie vroeg om hul persoonlikhede te ontleed, maar die verskil op hierdie stadium is…. Jamie is 'n regte seuntjie en Mija 'n regte dogtertjie.

Twee verskillende ontwikkelingsfases! Wat sal jy sê is jou grootste uitdagings?
Jamie moet nou *potty train*. Hy wil nie meer sy doeke dra nie. En hy praat *non-stop*. Ons moet versigtig wees wat ons sê, want hy is soos 'n spons op hierdie oomblik. Mija...tande!! Ag jinne tog! Sy sukkel! En sy wil loop... staan teen alles op en stamp haar kop vyf keer op 'n dag.

As pa wil jy graag ook *one-on-one* tyd met elkeen spandeer. Wat doen julle dan?
Ek en Jamie is op hierdie stadium onafskeidbaar. Hy klou aan my soos 'n apie. Hy doen alles wat ek doen. Hy *copy* my, wil tot soos ek aantrek. As ek 'n pet opsit, doen hy dit ook. As ek *boots* aantrek, trek hy ook sy *boots* aan. Hy sê die heeltyd: "Ons is dieselfde!" Dis so *cute*. Ons *hang* saam! Ek en Mija....wel...sy is nog baie klein, maar ons dans gereeld.

Watter karaktertrekke van jou en Michelle sien jy in Mija en Jamie?
Jamie is ongeduldig as hy sukkel om iets reg te kry...ek was ook so. Mija…ek weet nog nie. Maar wanneer sy *smile* trek haar neusie presies soos Michelle s'n.

Daar is sekere dinge wat jy jouself belowe jy nooit sal doen wanneer jy die dag jou eie kinders het nie…
Ek het altyd gesê dat as ek eendag kinders het, kan hulle lyk en aantrek soos hulle wil en goed dink, maar ek kan al klaar sien hoe ek vir Jamie wil leiding gee as dit by klere, hare ens. kom... Nes 'n normale konserwatiewe pa lyk hy vir my beter met kort hare!! Nee wat, ek dink net dis moeilik. Mens moet altyd onthou dat my kinders nie ek is nie! Hulle het hul eie persoonlikhede.

Jak, werksgewys, waarmee is jy nou besig?
Ek doen hierdie jaar my 10-jaar konsert getiteld "Van nougat tot nou". Ek het 'n strawwe toerskedule hierdie jaar. Verder is ek besig om my 7de album op te neem sodat dit gereed is om aan die begin van volgende jaar vrygestel te word. Verder is dit net konsert na konsert. Ek geniet nog elke oomblik daarvan.

Met 'n baie besige skedule met vertonings en optredes, wat maak jy om die tye saam met Mija en Jamie spesiaal te maak?
Vir my is dit spesiaal om saam met hulle te wees, of dit nou tuis is of êrens anders. Ek verkies tuis, want dis soms 'n uitdaging om met twee kleintjies die strate of winkels in te vaar. By die huis speel ons, praat ons, dans ons...doen sommer net al die dinge van 'n gesin...dis lekker. Ek en Jamie skop gereeld bal. Ek het vir ons 'n miniatuur tennisbaan gebou. Ons speel tennis en ry fietsie. Jamie en Mija hou albei daarvan om buite te wees.

Jou vrou, Michelle, is ook baie betrokke as jou bestuurder. Hoe maak julle tyd vir mekaar deur al die admin, optredes en kinders grootmaak deur?
Ek moet erken dat tyd alleen deesdae skaars is. Maar ons viertjies saam geniet mekaar baie. Ons voel geheg aanmekaar. Kinders bring 'n ander soort liefde vir mekaar. Die laaste ruk was moeilik om tyd alleen te spandeer, veral na die ongeluk waarin Michelle en die kinders was, want behalwe vir die kinders wat aandag vereis, moet sy ook deur 'n lang proses gaan vir haar regterarm wat sleg beseer is in die ongeluk. Alleentyd sal hopelik eendag weer sy kop uitsteek. Maar vir nou wil ons net almal gesond en gelukkig hê.

Julle is onlangs deur 'n groot trauma met die dood van Michelle se ma, en Michelle en die kinders wat in die hospitaal was. Wanneer mens kyk na so 'n situasie, sien mens baie keer daardie een of meer groot dinge wat jou en jou gesin help om daardeur te werk. Vertel bietjie hoe julle as gesin saam hierdeur werk?
Die ongeluk het ons almal diep geraak. Ons het besef hoe kosbaar die bietjie tyd op aarde is en dat selfs ons kinders net vir ons geleen is. Maar die trauma het ons aanmekaar vasgebind soos min. Ek moes natuurlik inspring en 'n groter deel van Michelle se verpligtinge nakom, maar dit het my ook nader aan my kinders gebring...doeke, badtyd ens. was alles skielik my verantwoordelikheid. Normaalweg was ek maar net 'n assistent! Maar nou ja...ons waardeer mekaar nou soveel meer, en elke bietjie tyd is kosbaar!

Wat is die *ultimate* wat julle vir Mija en Jamie toewens?
Om net *happy* te wees!!! Die lewe te geniet....en lief te hê!

© Anna Emm Productions 2012

Ernstige siekte is te groot vir my kind om te verstaan.

Wanneer 'n familielid ernstig siek raak, affekteer dit al die lede van die gesin.

Wanneer ernstige siekte een van 'n kind se twee ouers tref, sal dit veel groter gevolge hê vir die kind. Die belangrikste ding is dat daar steeds vir die kinders 'n gevoel van sekuriteit in die huis geskep word. Ons taak as ouers is om ons kinders te lei en gereed te maak om met die wêreld daarbuite te kan saamleef. Siekte is deel van die lewe en dit is, nes die dood, 'n natuurlike ding wat met lewende wesens gebeur.

Jou eie reaksie daarop gaan grootliks bepaal hoe jou kind se gedagtes rondom die onderwerp gaan ontwikkel. Moet dit nie ignoreer of probeer ligter maak deur grappies daaroor te maak nie. Wees eerlik en op die man af wanneer jou kind vrae vra.

Probeer hom altyd voorberei op wat gaan gebeur sodat hy kan weet wat om te verwag – al is dit sleg. Wanneer 'n kind nie weet wat aangaan nie, sal hy óf aflei dat hy nie 'n belangrike deel van die gesin is nie, óf hy sal voel dat die onderwerp só verskriklik is dat julle nie gedink het hy kan dit hanteer nie. Kinders dink ook dikwels dinge wat gebeur is hulle skuld; maak dus 'n punt daarvan om te sê: "Die dokter sê dis niemand se skuld dat Mamma siek is nie...," ens. 'n Vaste roetine is weer eens baie belangrik, waar moontlik, omdat dit die kind sekuriteit gee wanneer omstandighede wispelturig is.
Moenie jou kind opsaal met grootmensprobleme nie, en probeer vir hom 'n wêreld skep waarbinne hy steeds kan speel en laf wees en kind wees, al gaan die familie deur 'n moeilike tyd. Onthou, 'n siek familielid is net een deel van sy lewe, selfs al is dit sy ouer. Dit is nie sy identiteit nie, en sy lewe moet so normaal moontlik aangaan.

Dit mag dalk nodig wees om rolle en takies in die huis om te ruil wanneer 'n ouer siek is. Wanneer 'n kind sulke verantwoordelikhede dra, is dit vir hom baie moeilik om daarna weer terug te keer na kindwees, en dit sal 'n groot poging van die grootmense in sy lewe kos om sy wêreld te herstel. Dit is belangrik om jou kind baie liefde en sekuriteit te gee wanneer daar siekte in die huis is.

Laat hom toe om 'n bietjie "klouerig" te wees, dalk met die lig aan te gaan slaap of op jou skoot te sit, indien nodig. Hy het nodig om te weet dat hy nie alleen gelaat sal word nie.

Die storie "Pietertjie & Paultjie" help kinders om siekte in die gesin te hanteer.

Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeiding, groepsdruk, bang vir die donker,en spanning.

Slegs R40 per CD!

Kies van 24 onderwerpe

www.AnnaEmm.co.za

DIE Vita Stories REEKS

is 'n versameling van 24 heerlike dierestories op CD, vir kinders 3-9.
Elke storie is geskryf rondom 'n ander sosiale kwessie
en word ingespan om vir kinders lewensvaardighede,
emosionele weerbaarheid en positiewe gedagtepatrone te leer.

Elke CD sluit in : 'n luisterstorie oor 'n spesifieke kwessie, 'n inkleurprentjie, 'n ouerhandleiding, en die storie in teksformaat vir voorlees.

CD1: Die oranje stertjie - EGSKEIDING
CD2: Frikke die erdwurm - VREES VIR DIE DONKER
CD3: Daar was eenmaal 'n kewertjie - MISLUKKING
CD4: Die beertjie met die seer tand - SKEIDINGSANGS
CD5: Lappie die teddiebeer - NUWE BABA
CD6: Skilpad en die jakkalsies - BOELIES
CD7: Voëls van die sonskynbos - DOOD IN DIE FAMILIE
CD8: Nollie die klein varkie - AGGRESSIEWE GEDRAG
CD9: Wie sing so? - SPANNING IN DIE HUIS
CD10: Pietertjie en Paultjie - SIEKTE IN DIE FAMILIE
CD11: Timmie in die moeilikheid - GROEPSDRUK
CD12: Topsie die seekat - DIE EENKANTKIND
CD13: Kosie Krokodil - MISLUKKING
CD14: Die ou hoekie en nuwe hoekie - EGSKEIDING
CD15: Ignatius gaan skooltoe - VREES VIR SKOOL
CD16: Stompie is ongelukkig - DEPRESSIE
CD17: Dingetjie sonder naam - LAE SELFBEELD
CD18: Wat is fout met Michael? - SPANNING
CD19: Montie die apie - DIE EENKANTKIND
CD20: Sewe klein katjies - TERG
CD21: Dippie tel 'n eiertjie op - HARTSEER
CD22: Moenie die bessies eet nie - DWELMS
CD23: Kleinbeer se geheim - MISHANDELING
CD24: Bang Bennie - VREES

R40 per dubbel CD / R650 vir die volledige reeks op 6 CDs
www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Hopelik is al die kouefronte en winderige dae nou eers verby, en kan ons uitsien na 'n **heerlike lente** wat voorlê! Die lente bring altyd nuwe **lewe**, nuwe **energie** en vir ons kinders - nuwe **idees** en dinge om buite in die sonskyn te gaan doen.

Kom ons neem die kinders bietjie tuin toe, en gaan kyk waarmee ons onsself, en ons kinders, kan besig hou:

SWAAIE

Kinders is almal lief vir swaai! Hoe hoër, hoe beter! Die ou binnebandswaaie bly maar nog die beste. Maak dit aan 'n tak vas, of aan 'n balk op jou stoep as jy nie 'n boom in jou tuin het nie. Swaai is 'n wonderlike manier om jou kind se waaghouding te verbeter, en om sy balans te versterk.

KLIM EN KLOUTER

Gee jou kind die geleentheid om baie te klim en klouter om sodoende al sy grootmotoriese spiere te ontwikkel. Deesdae kan jy van *mini-jungle-gims* tot groot klouterapparate laat oprig, of selfs huur.

Kinders geniet nuwe, uitdagende apparaat baie. Laat hulle deur tonnels kruip, aan ringe hang, oor toue klim, by lere op- en afklim en by glyplanke afgly. En onthou om toesig te hou! Beter nog, doen die aktiwiteite saam met hulle!

SANDPUT

Kinders geniet dit om op warm dae in lekker koel sand te speel. Sorg dat jou sandput met 'n sambreel of gazebo bedek word. Gee vir jou kind 'n verskeidenheid speelgoed om mee te speel - grafies, emmertjies, bakkies, siffies, tregters, lepels, koppies, ens. Trek vir jou kind so min as moontlik klere aan, sodat hy die growwe tekstuur van die sand op sy vel kan voel.

PLANTJIES PLANT

Dis nou 'n goeie tyd vir jou en jou kind om saam tuin te maak. Laat hy self die gaatjie in die grond grawe, die plantjie indruk, en weer toemaak. Gee vir hom 'n klein gietertjie met water om die plantjie, en sommer die ander plantjies ook, mee nat te gooi. Kinders geniet dit om te sien hoe hulle "tuintjie" elke dag groei. 'n Plantjie wat heerlik werk, is 'n sonneblom. Hulle kan eers die saad laat ontkiem, en dit dan plant. Hy groei lekker vinnig, en die kinders geniet dit om die ontwikkeling dop te hou!

Ek nooi jou uit om 'n gratis les te kom bywoon by **PIENKVOET-PRET** waar ons al spelende leer. Babas tussen 3 maande en 3 jaar woon die klas saam met Mamma of Pappa by. Klasse is 'n uur en 'n half lank en tydens die les word alle vlakke van ontwikkeling aangeraak.

Ons leer jou hoe om jou baba speel-speel te stimuleer en gee vir jou wenke en idees wat jy tuis kan herhaal. By **PIENKVOET-PRET** speel ons ook graag buite! Ons hou daarvan om in water en modder te mors - kom deel in die pret!

Besoek ook gerus ons webwerf by www.pienkvoetpret.co.za en "like" ons op Facebook!

© Anna Emm Productions 2012

Kuns

Wat jy nodig het:

verskillende kleure karton
skêr
liniaal
potlood
gom
kleurkryte, koki's, ens.

Wat jy moet doen:

1. Knip die diagram hier onder uit gekleurde karton.
2. Sny 'n vierkant uit 'n ander kleur karton en plak dit op die vierkant in die diagram.
3. Vou die een driehoek na die binnekant toe (bo-oor die vierkant) sodat dit die boonste helfte van die vierkant toemaak.
4. Smeer gom aan die bo-kant, en plak die ander driehoek bo-oor die onderste driehoek.
5. Gebruik ander kleure papier en knip ogies en tande uit om die boekmerk te versier.
6. Gebruik hierdie parmantige boekmerk om oor die hoek van 'n bladsy te skuif.



Resep

'n Vinnige lekkerny!

Wat jy benodig:

1. 'n Pakkie *wafer*-koekies
2. Smarties of M&M's
3. Versiersuiker

Wat jy doen:

1. Pak die *wafer*-koekies op 'n bordjie. Party van hierdie koekies is nogal groot, so jy kan dit in kleiner repies sny. Wees versigtig, want hulle breek maklik!
2. Meng genoeg versiersuiker met 'n klein bietjie water. Moenie te veel water gebruik nie, want anders raak die versiersuiker baie loperig!
3. Skep die versiersuiker met 'n teelepel op die een kant van die *wafer*-koekie.
4. Soek die geel en oranje Smarties of M&M's uit en sit dit in die middel van die versiersel.
5. Geniet jou "ontbyt"!

© Anna Emm Productions 2012

Kinderteater met Spektrum!

Spektrum Kinderteater speel die land aan die brand met hulle kleurvolle teaterproduksies. Ons het met *Esther von Waltsleben*, eienaar van hierdie geselskap, gaan praat oor al die hoedjies wat hulle dra…

Wanneer en hoe het Spektrum ontstaan?

Spektrum is in 1991 gestig deur Gigi Fourie en sy vrou, Juanita Swanepoel. Die eerste groep akteurs wat toe vir **Spektrum** gespeel het, was Chris Vorster en Waldemar Schultz en sy vrou, Ira Blanckenberg. Soos die jare aangeloop het en gegradueerde akteurs die dramadepartement verlaat het, is **Spektrum** se leisels aan Francois Toerien en sy vrou, Nicole Holm, oorhandig wat dit toe weer later aan my gegee het.

Wat was die hoogtepunte/ mylpale vir julle tot dusver?

Spektrum word hierdie jaar mondig! Dit op sigself is 'n mylpaal - teatergeselskappe lewe gewoonlik nie so lank nie. Die bestuurspan tans is ek, Jan-Hendrik Opperman, Gaerin Hauptfleisch en Stephanie Hough. Die hoogtepunte vir ons was die oorsese reis na Dubai in Januarie hierdie jaar vir die *Shopping Festival* waar ons Suid-Afrika verteenwoordig het in 'n kinderteaterfees. Dit was 'n wonderlike ervaring om ander lande se kinderteater te beleef. Nog 'n hoogtepunt is ons samewerking met *Koowee* – ons pas hulle TV-programme vir die verhoog aan. Ons het tans nog net vir *Tjiff en Tjaff* geskep, maar die res van die rakkers is ook in wording!

Watter *shows* het julle op die oomblik?

Tjiff en Tjaff

Poppie en Bongo - Dis 'n kindermusiekteater! Geskep in samewerking met *BongoPop Media* - die musikale wennerkombinasie van komponis en sangeres, Melissa van der Spuy en musiekvervaardiger, Jurgen von Wechmar.

BAZOO en die vermiste spookpaddas - Dis 'n poppekas met ekstra-groot poppe en is in samewerking met die *Bazoo-tydskrif* geskep om die jongspan te leer van natuurbewaring.

Die Poppekasse wat ons aanbied is *Storie sonder Einde* en *Raponsie.*

Dan het ons 'n arsenaal van 50-minuut verhoog-sprokies in Engels of Afrikaans, *Rooikappie, Sneeuwitjie, Aspoestertjie, Jan en die Boontjierank*, *Die drie varkies en Dolf, die Wolf* en *Hansie en Grietjie*.

Wie is julle "perfekte gehoor"?
Die perfekte gehoor is 'n vol saal! Die wonderlike ding van kinders is dat hul nie hulself terughou nie. As hulle skrik, skree hulle, as iets snaaks is, lag hulle en boeta, as die skelm agter die boom staan, RAAS hulle. Ons speel met mikrofone wanneer dit nodig is, so die kinders mag maar hulself inleef…

Teater (en veral kinderteater) leer mens op jou voete dink! Vertel een of twee snaakse dinge wat al op die verhoog gebeur het?

Ek was die Geel Heks en het pas Koning Rosekrans se Silwer Roos gesteel toe die jongspan my daar in Pniël se kerksaal plattrek en die roos terugvat. Die dilemma was dat dit die kern van die hele verhaal was - *Liewe Heksie en die Silwer Roos*. Dit het oortuiging gevat om die roos terug te kry sodat die storie kon aangaan!

In kinderteater speel die akteurs gewoonlik meervoudige rolle - toe Mevrou Petunia moes kom kuier, daag Gromjan op en toe Gromjan besef hy moet nou eintlik mevrou Petunia wees, storm hy af en gaan trek weer mevrou Petunia se rok aan. Maar toe het die akteurs op die verhoog reeds aangegaan met die storie en wag toe al vir Gromjan!

In 'n klein saaltjie in 'n kleiner dorpie, kilometers se grondpad van die naaste klein dorpie af, het ons een keer met 'n vertoning begin en met die eerste woorde wat op die verhoog ge-uiter is, het die hele gehoor laat spat.

Ons het deur die saaltjie se venster gesien hoe die kindertjies die grondpad afhardloop, heeltemal verskrik.
Ons moes hulle gaan haal en eers mooi verduidelik wat ons gaan doen en wat hulle gaan beleef. Die grootsheid van teater is inderdaad oorweldigend!

Kinderteater is harde werk. Baie akteurs probeer dit. Min kry dit reg. Wat sou julle sê is die sukses agter Spektrum?

Spektrum is bereid om die ekstra kilometer te ry na die klein saaltjie in die klein dorpie toe.

Ons probeer aanpasbaar wees met poppekas en karakters vir die heel kleintjies; nuwe, *funky* shows vir die *cool kids* sowel as die klassieke sprokies. Laasgenoemde word in **Spektrum**-styl aangepas om meer familieteater as kinderteater te wees en dit gebeur baie dat die ouers/ onderwysers sê: Ons weet nie wie het dit nou die meeste geniet nie; ons of die kinders!

Al word **Spektrum** deur akteurs bedryf, het dit ons ook baie geleer van die ander aspekte van teaterskeppers wees.
Ons speel, skryf, regisseer, vervaardig en bemark en al vyf hoedjies moet jy kan dra!

Kom loer in by SPEKTRUM KINDERTEATER tydens September:

5 Sept: Tjiff en Tjaff speel by Eversdal Laerskool
8 Sept: Tjiff en Tjaff speel by Die Boer
Vir die res van Sept toer Tjiff en Tjaff deur Namibie
9 Sept: Hansie en Grietjie speel by Delvera
29 Sept: Bazoo speel by Saronsberg in Tulbagh
Vir meer besonderhede besoek www.kinderteater.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Kosbare versameling ou én nuwe kinderstories!

Onthou jy nog hoe lekker jy as kind na stories geluister het? En die opwinding om elke maand 'n nuwe pakkie in die pos te ontvang? Nou kan jy vir jou kind dieselfde ervaring gee met Anna Emm se nuwe "Afrikaanse Kinderstories"!

Die reeks bestaan uit 12 volkleur A4-boeke – elk met 'n bypassende CD waarop die stories voorgelees word deur bekende akteurs soos Anrich Herbst, Esther von Waltsleben, Deon Lotz en Antoinette Louw. Daar is 'n lekker versameling van ou bekende stories én splinternuwe stories in elke uitgawe, en aan die einde van elke bladsy is daar 'n "ghong"-geluidjie wat laat weet dis tyd om óm te blaai!

Volumes 1-9 is reeds beskikbaar, en Volumes 10, 11 en 12 word hierdie maand vrygestel om die reeks te voltooi. Maak seker jy versamel al hierdie wonderlike stories vir jou kind se storieskat!

Volume 1: Tokkie Tandmuis, Klipsop, Die vyftiende seuntjie, Ignatius Mier

Volume 2: Die Rammetjies Rof, Die reënfeetjie, Jasper die sprinkaan, Agter die spieëlkas

Volume 3: Drie wense, Hasie en Skilpad, Die muisprinses, Freddie die klipvissie

Volume 4: Die drie varkies, Daantjie en die towerpantoffels, Die reusagtige raap, Kikkie die verkleurmannetjie

Volume 5: Die rooi hennetjie, Die kaartehuis, Die prinses en die ertjie, Mario die maanmannetjie

Volume 6: Die gemmerbroodmannetjie, Vyf dapper krappies, Die leeu en die muis, Moenie die koffie mors nie!

Volume 7: Gouelokkies en die drie bere, 'n Koue dag, Hoekom die see so sout is, Lizzie Likkewaan

Volume 8: Die gestewelde kat, Zander se boomhuis, Die stout apies, Salome Spinnekop se teepartytjie

Volume 9: Die skoenmaker en die elfies, Die slim seekat, Die voëls kies 'n koning, Trompie die olifantjie

* Koop die Volumes apart aan @ R120 per boek en CD (R30 posgeld).
* Koop die volledige reeks aan @ R1200. (Posgeld gratis).
* Sluit aan by die STORIEKLUB* en ontvang 'n nuwe volume elke maand in die pos @ R130 per maand. (Posgeld ingesluit)
* Sien aansluitingsvorm op laaste bladsy.

Bestellings en navrae by Anna Emm Productions:
www.AnnaEmm.co.za | 021 911 5618 | lekkerbekkie@annaemm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Boeties en Sussies – teen die buitewêreld staan ons saam!

Ons lesers deel hulle foto's - elkeen van hierdie maatjies wen 'n geskenkbewys vir 'n storie-CD!

Casey en Candice Lightfoot

Rudi en Bernard Cockrell



Nina en Charl Cilliers

Daniel en Matthew Roodhuyzen

Kiana en Ruby Prinsloo

Emore en...

Luan Sloot en Luc Cilliers

Nieken en...

Kyra van der Walt

Mia-Tume en Daniel van Zyl

Mieke Lubbe

© Anna Emm Productions 2012

PASMAATS

Weet jy hoe elkeen van hierdie diere lyk?

Neem ´n potlood, en verbind die prentjies wat bymekaar pas!

Gaan "like" ons Facebook blad vir

* weeklikse kompetisies

* interessante gesprekke

* oulike idees

KLIEK HIER!

Julie se wenners!

Die wenners van ‘n Bybelbuddies Aktiwiteitsblad in ons Facebook kompetisie!

Helene Cerff, Amanda Janse van Rensburg, Christa le Roux, Tammy Davis-Coetzee, Caren Struwig, Jeanette Casaleggio Smit, Ilze Pieterse.

Adverteer in die volgende Lekkerbekkie!

lekkerbekkie@annaemm.co.za

IN A WINK

Web design that makes the difference

proudly associated with anncemm productions

Jackie Savaria - jackie@inawink.co.za - tel : 082 871 8076

STORIEKLUB LIDMAATSKAP-VORM:

Kliek op die "fields" om jou inligting in te vul. Kliek dan "stuur" om die vorm aan ons te stuur.

Naam van Rekeninghouer: _____

Posadres vir pakkies: _____

Huis nr: _____ Sell: _____ Epos: _____

Ek wil aansluit by die STORIEKLUB vir 6 maande en kies die volgende pakket:

NB: Alle pryse sluit posgeld in vir 'n verwysingsnommer-pakkie, behalwe die eerste opsie (R79) wat met gewone pos gestuur word.

Pakket	Maandelikse fooi	Maandelikse pakkie sluit in
□ **STORIEKLUB BASIES**	**R79 per maand**	**1 x CD (4 stories) per maand** - waarde R80
□ **STORIEKLUB BASIES** *met "tracking nr*	**R99 per maand** Namibië = R105	**1 x CD (4 stories) per maand** - waarde R80
□ **STORIEKLUB BASIES -100**	**R119 per maand** Namibië = R125	**1 x CD (6 stories) per maand** – waarde R100
□ **STORIEKLUB DUBBEL-80**	**R159 per maand** Namibië = R179	**2 x CDs (4 stories elk) per maand** - waarde R160
□ **STORIEKLUB DUBBEL-100**	**R179 per maand** Namibië = R199	**1 x CD (4 stories) per maand** **1 x CD (6 stories) per maand** – waarde R180
□ **STORIEKLUB BOEK&CD**	**R130 per maand** Namibië = R150	**1 x Afrikaanse Kinderstories boek + CD** (4 stories) - waarde R120
□ **STORIEKLUB BOEK&CD DUBBEL**	**R250 per maand** Namibië = R280	**2 x Afrikaanse Kinderstories boeke + CDs** (4 stories elk) waarde R240

NB: Indien jy graag spesifieke CDs wil ontvang, noem hulle titels hier. Ander stuur ons vir jou ons eie seleksie uit ons katalogus. Produkte mag ongelukkig nie na ontvangs omgeruil word vir ander produkte nie. (Vir meer besonderhede oor ons produkte besoek www.AnnaEmm.co.za):

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Debiteer my rekening op die 1ste werksdag van elke maand oor 'n periode van 6 maande:

Bank: _____ Tak: _____ Takkode: _____ Rek.tipe: _____

Naamhouer van rekening: _____ Rekeningnommer: _____

This signed Authority and Mandate refers to our contract as dated as on signature hereof ("the Agreement"). I / We hereby authorise you to issue and deliver payment instructions to the bank for collection against my / our abovementioned account at my / our above mentioned bank (or any other bank or branch to which I / We may transfer my / our account) on condition that the sum of such payment instructions will never exceed my / our obligations as agreed to in the Agreement, and commencing on the commencement date and continuing until this Authority and Mandate is terminated by me / us by giving you notice in writing of no less than 20 ordinary working days, and sent by prepaid registered post or delivered to your address indicated above. The individual payment instructions so authorised to be issued must be issued and delivered as follows i. On the 1ste working day ("payment day") of each and every month commencing on the first date applicable following the date on this agreement. In the event that the payment day falls on a Saturday, Sunday or recognized South African public holiday, the payment day will automatically be the very next ordinary business day. Further, if there are insufficient funds in the nominated account to meet the obligation, you are entitled to track my account and re-present the instruction for payment as soon as sufficient funds are available in my account; ii. Monthly; on or after the dates when the obligation in terms of the Agreement is due and the amount of each individual payment instruction may not be more or less that the obligation due; I / We understand that the withdrawals hereby authorised will be processed through a computerized system provided by the South African Banks and I also understand that details of each withdrawal will be printed on my bank statement. Each transaction will contain a number, which must be included in the said payment instruction and if provided to you should enable you to identify the Agreement. A payment reference is added to this form before the issuing of any payment instruction. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that all payment instructions issued by you shall be treated by my/our above mentioned bank as if the instructions had been issued by me/us personally. I / We agree that although this Authority and Mandate may be cancelled by me / us, such cancellation will not cancel the Agreement. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that this Authority and Mandate has been ceded to Netcash (Pty) Ltd as per your agreement with Netcash (Pty) Ltd, but in the absence of such assignment of the Agreement, this Authority and Mandate will be null and void.

_____ _____

Handtekening

stuur

Datum